

14 Maart

Skrifgedeelte: Titus 3:1-11
Fokusgedeelte: Titus 3:5

HK, VRAAG 73

DIE WASSING VAN DIE WEDERGEBOORTE

Besef jy watter geweldige verandering daar in jou lewe as gelowige ingetree het? Dit wat ons van nature was en wat ons nou is (Tit 3:3-7) verskil hemelsbreed van mekaar. Hierdie ingrypende verandering word ook in die doop as teken en seël uitgebeeld. Ons het uit die dood oorgegaan in die lewe (Ef 2:1-10). Ons was die ene duisternis, maar nou is ons lig in die Here (Ef 5:8). Ons was strafwaardig voor God, maar nou is ons vrygespreek (Rom 3:19, 20). Die Here het ons op grond van die versoeningswerk van Christus en deur die kragtige werking van die Heilige Gees óórgemaak (Ef 2:10). Dié wedergeboorte word pragtig uitgebeeld in dié onderdompelingsdoop: Die dopeling word saam met Christus in sy dood begrawe en word deur die heerlike magsdaad van die Vader uit die dood opgewek om so 'n nuwe lewe te lei (Rom 6:4). Daarom word die doop die wassing of bad (AOV) van die wedergeboorte genoem (Tit 3:5).

Die rower wat aan die kruis tot bekering gekom het kan 'n dag en datum vir hierdie wonderbaarlike ingryping van God in sy lewe aangee, maar vir die meeste van ons wat as gelowiges grootgeword het is die hoe en wanneer van die wedergeboorte 'n groot geheimenis (Joh 3:5-8).

Maar dank God as jy as nuwe mens wat as beeld van God geskep is, kan lewe! Dit is alleen moontlik as gevolg van God se ontferming.

Ds. APC Duvenage (Emeritus)

~~~~~